LANDBOUBURGER,

Vrydag **28 November** 2003

Tydstroom help studente leer

DIE Wes-Kaapse hoenderprodusent Tydstroom Chickens het R200 000 geskenk om plattelandse studente te help om toegang tot tersiêre onderrig te kry.

Die meeste werkers van Tydstroom kom uit die platteland.

"Ons het 500 werkers by die Tydstroom-slagplaas in Durbanville en 300 by die Golden Groveslagplaas naby Atlantis," het mnr. Charlie Gerber, hoofbestuurder van Tydstroom, gesê.

Tydstroom is 'n sake-eenheid in Pioneer Foods se afdeling vir agri-besigheid en lewer vars en bevrore hoenderprodukte aan die Wes- en Oos-Kaapse mark.

Tydstroom se toekenning ondersteun 12 plattelandse studente van so ver as Mosesetjana in Limpopo, Zimbane in Oos-Kaapland en Laaiplek aan die Weskus.

Die program is met 'n loodsprojek getoets.

AFRIKOM